UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK IV

## GEESTELIKE LEWENSWYSE EN -VORME : BEHOEFTEVOORSIENING EN MANIFESTASIES

Om 'n vollediger beeld van die slawe se lewenswyse aan die Kaap te kry, is 'n determinering van hulle geestelike lewensvorme nodig. Die vorm, struktuur en funksie van dié aspek van die Kaapse slaaf word duidelik weerspieël in die reaksie van die Kompanjie, sowel as privaat-eienaars in die stad, akkerbougebied en die afgeleë binneland op die geestelike behoeftes van hulle slawe, die mate waarin dit geakkommodeer is, die hantering daarvan en die gevolge wat daaruit voortgespruit het. As die relatief goeie fisiese versorging van die Kaapse slawe oorwegend deur die eiebelang, hebsug en die angs vir ekonomiese verlies van die eienaars geïnspireer is, sou slawe-eienaars dit nog moeiliker vind om binne die konsep van slawerny die slaaf as meer as 'n blote liggaam met 'n prysetiket, wat om materiële voordeel, net soos ander lewende hawe, fisies onderhou en versorg moes word, te beskou. Die geestelike behoeftes van slawe het eienaars met hulle morele gewete gekonfronteer en veral op ekonomiese gebied eise gestel wat 'n groot uitdaging aan eienaars was. Geestelike lewensvorme behels voorts die sosiale, religieuse en kulturele manifestasies rondom verhoudings, verbintenisse, huwelike, geboortes, vryetydsbesteding en feesdae, sowel as die vorm, struktuur en funksies met betrekking tot huishoudelike en amptelike dissipline, sowel as vrystelling van slawe.

### Onderwys en Opleiding

Wat formele skoolopleiding betref, het die Kompanjie van al die slawebesittende groepe aan die Kaap, die grootste mate van morele verantwoordelikheid teenoor die slawe in sy diens sowel as slawekinders wat in die losie gebore is, aan die dag gelê.[1] Voor 1658 is kinders Sondae na die kerkdiens deur Willem Wijlant onderrig.[2] Die eerste formele slaweskool is op 17 April 1658 deur die Kompanjie ingestel.[3] Dit was 'n direkte gevolg van die eerste groep slawe wat op 28 Maart 1658 by die Kaap aangeland het en waarvan die meerderheid jong seuns en dogters tussen die ouderdomme van sewe en agt jaar was.[4] In 1661 is melding gemaak van die sieketrooster Pieter van der Stael wat "des Compagnie's slaven ende de Hottentoos in de Nederlantsche tale ende Christelijcke leere is onderwijsende".[5] Die taak het hom te beurt geval aangesien hy "seer goet ende prompt in't lesen van recht Hollants Nederduyts" was en oor 'n grondige kennis van die teologie beskik het.[6] Sy aanstelling was 'n

---

1 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 347.


2 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur binne die Heilige Sirkel aan die Kaap tot 1950*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 92.

3 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 100; P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 - 1795: 'n kultuurhistoriese studie*, p. 3.

4 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman: a survey of slavery at the Cape of Good Hope under the Dutch East India Company, 1652 - 1795*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 482.

5 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 344.

6 E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd*, p. 95; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 100.



**Figuur 31:** 'n Uittreksel uit die dagregister van Jan van Riebeeck van 17 April 1658 waarin hy onder meer melding maak van "een croesjen brandewijn en 2 duym taback" wat as beloning en aansporing aan die einde van 'n skooldag aan die volwasse leerlinge van die eerste skooltjie aan die Kaap gegee is.

Uit: V. de Kock, *Those in bondage* (London, 1950), teenoor p. 97.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



weerspieëling van die noue band tussen kerk en skool en 'n aanduiding van die belangrike rol wat die skool in die kerstening van slawe en die plaaslike bevolking moes speel. Die leerplan wat op die Christelike leer geskoei was en hoofsaaklik die Christelike gebede en Heidelbergse kategismus ingesluit het, was oorwegend daarop gerig om slawe vir kerklidmaatskap voor te berei [7] en om die Nederlandse taal aan die slawekinders te leer.

Die heel eerste skooltjie is in die oggende deur onder meer jong en volwasse slawe, Khoikhoi en blanke kinders bygewoon. Aan die einde van die skooldag is die volwasse slawe met "een croesjen brandewijn ende 2 duym taback" beloon [8] **(Fig. 31)**. 'n Bywoningsregister waarin die name van al die leerlinge aangeteken was, is daagliks bygehou. Hierdie eerste skooltjie is deur Van Riebeeck met groot erns benader. Met die oog op die vestiging van 'n goeie skoolprogram en deeglike dissipline, het hy onderneem om self tydens die eerste paar dae van die skooltjie se bestaan teenwoordig te wees.[9] Op 22 Desember 1687 het 'n resolusie van die Politieke Raad bepaal dat geen burgerslawe tot die losieskool toegelaat mag word nie.[10] Later in die agtiende eeu is die burgers wel toegelaat om hulle slawekinders na die Kompanjieskool te stuur.[11]

Met sy vertrek na Oos-Indië in 1663, is Pieter van der Stael deur Ernestus Back as sieketrooster en onderwyser opgevolg, "om dese Caepse schoolkinderen, soo Duytse [Nederlandse] als swarte, alle dagen neerstigh te leeren leesen en cathegiseren".[12] Dié skooltjie het toe uit twaalf blanke kinders, 'n "Hottentoosje" en vier slawekinders genaamd Armasie, Crisme, Zou en Basol bestaan, terwyl die Politieke Raad van wense was dat al die gedoopte kinders van Kompanjieslavinne, veral die van Europeërvaders, voortaan hier onderrig sou ontvang.[13] Back is deur die owerhede toegelaat om onderwysfooie teen 'n halwe reaal van die Europeërouers te verhaal, terwyl slawe- en Khoikhoikinders op gratis onderwys geregtig was.[14] Ernestus Back is deur Daniel Engelgraaff as onderwyser opgevolg. Na 'n goeie dienstyd is hy op 13 September 1666 aan die Kaap oorlede.[15] Sy opvolger, Alexander Carpius, wat in 1671 as sieketrooster en om " 't onderwijsen van 's Compagnies slaeven-kinderen" na die Kaap gekom het, het hom ewe goed van sy taak gekwyt.[16] Na die aankoms van die groot besending Malgassiese slawe in 1676, het die Politieke Raad op aanbeveling van die Kerkraad

---

7 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 171.

8 E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd*, p. 95; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 277.

9 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 100; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 277.

10 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* p. 189; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 179.

11 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Argiefstukken lopende over het jaar 1779,* pp. 93 - 94.

12 A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II,* pp. 108 - 109.

13 *Loc. cit.*

14 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1662 - 1670, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 83.

15 *Ibid.*, p. 189; V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 101 - 102.

16 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 77 - 78.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besluit om aandag te gee aan die aanstelling van 'n skoolmeester om die slawekinders "in leesen en schrijven, en in de fondamenten van de Christelijke religie" te onderrig.[17] Dié aparte skool vir "swart" kinders sou veral die slawekinders akkommodeer. Die skoolgeld is as volg bepaal: kinders wat die alfabet geleer het, moes ses dubbeltjies betaal, die wat in spel en lees onderrig is, tien dubbeltjies, terwyl die wat rekenkunde geneem het, sestien dubbeltjies per maand moes betaal.[18] Dié leerlinge wat deur die kerkfonds onderhou is en dié wat dit nie kon bekostig nie, is "uit liefde vir God" gratis onderrig.[19]

Met die besoek van kommissaris-generaal Van Rheede in 1685 het slaweopvoeding aan die Kaap 'n hupstoot gekry. In sy instruksies het hy pertinent opdrag gegee dat 'n deel van die kinderkwartiere in die slawelosie uitsluitlik as skool vir kinders jonger as twaalf jaar ingerig moes word.[20] Die mulat Jan Pasqual van Batavia is as onderwyser vir die seuns aangestel, terwyl die vry slavin Magriet van die Kaap as matres die jong dogters onder twaalf moes onderrig.[21] Volgens Van Rheede moes die leerplan van die skool wat van soggens agtuur tot smiddags vieruur sou duur, die Christelike gebede, psalmgesange, kategismus, die beginsels van die Christelike godsdiens, sowel as onderrig in goeie Christelike sedes en maniere in die Nederlandse taal insluit.[22] Woensdae en Saterdae sou hulle vrae oor die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip moes beantwoord. Die kinders bo twaalf wat saam met hulle ouers werk toe gegaan het, is toegelaat om twee maal per week die middagklasse by te woon. Alle kinders moes Sondae twee keer die kerk onder toesig van die skoolmeester besoek en na afloop van die erediens vrae uit die kategismus beantwoord.[23] 'n Stel skoolreëls wat deur Van Rheede opgestel is, is aan die skoolmeester oorhandig.[24] Van Rheede het dit beklemtoon dat hierdie skool slegs vir Kompanjieslawekinders sou wees, terwyl die huis van dominee Johannes Overnij as skool vir die vryburger- en ander blanke kinders sou dien.[25] Die taak om twee keer per week die slaweskool te inspekteer, is ook aan dominee Overnij opgedra.[26] Die erns waarmee die Kompanjie die skolastiese opvoeding van die Kompanjieslawekinders benader het, is voorts af te lei uit die voorsiening wat telkens vir 'n skoollokaal gemaak is tydens die vele male dat die slawelosie verskuif, opgeknap of vergroot is.[27]

---

17 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 160; C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika II*, p. 265.

18 G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687*, p. 149.

19 *Loc. cit.*

20 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 205.

21 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 102.

22 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 205.

23 *Ibid.*, p. 189; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 47.

24 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, pp. 204 - 205; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 103.

25 G.M. Theal (red.), *Belangrijke Historische Documenten verzameld in de Kaap Kolonie en elders*, p. 42.

26 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, pp. 205 - 206.

27 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 161 - 162; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 488.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel goeie skoolmeesters 'n noodsaaklikheid vir die losieskool was, blyk dit dat nie almal wat dié belangrike taak moes verrig van edel imbors was nie. Op 15 September 1687, twee jaar na sy aanstelling as skoolmeester, is Jan Pasqual ontslaan, in die Kasteel gevange gehou en uiteindelik as bandiet na Mauritius verban nadat bevind is dat hy "met verscheide meisjes of dogtertjes" in die slaweskool "te meermalen vuijle onkuijsheden en vleeslijke lusten gepleegd ... hebben".[28] Hy is opgevolg deur die halfslag Kompanjieslaaf Claas Cornelisz van die Kaap wat 'n man van "goeden wandel en vereijschte bekwaamheid" was en wat voortaan vir sy dienste 'n maandelikse vergoeding van drie reale, sowel as gratis kos en klere sou ontvang.[29] In 1706 het dominee Le Boucq 'n klag ingedien en aanbeveel dat die swart skoolmeester Daniel Rodrigo van Batavia, wat 'n gemerkte bandiet was, van sy pos as skoolmeester onthef moes word.[30] In 1779 is 'n onderbetaalde skoolmeester daaraan skuldig bevind dat hy sy leerlinge verwaarloos het deur bykomende werk te verrig om sy gesin te onderhou. Die probleem is dadelik deur die Politieke Raad aangespreek deur sy salaris van twee reale na drie riksdaalders per maand te verhoog, terwyl hy ook 'n dubbelrantsoen brood en vleis sou ontvang.[31]

Sedert Van Rheede se besoek en daaropvolgende instruksies, was die onderwysers van die slaweskool gewoonlik "gekwalifiseerde" slawe wat dopelinge van die Kaapse Kerk was, in die beginsels en praktyke van die Gereformeerde geloof opgelei en in die Nederlandse taal onderleg was. Hulle het gewoonlik 'n klein beloning of "tractement" van die Kompanjie ontvang wat hulle kon spaar om uiteindelik hulle vryheid te koop.[32] In sy studie oor onderwys in die Kompanjiestyd maak P.S. du Toit redelik breedvoerig van die slaweonderwysers in die losie melding.[33] Na vier jaar diens as "meesteres in 's Comp.s Slave Logie" het Presenna "van de Caab" in 1724 om haar vryheid aansoek gedoen.[34] Op 20 Maart 1764 het Anna van Jacoba haar vryheid verkry op voorwaarde dat sy, tot 'n ander bekwame "matres" in haar plek gevind kon word, "den dienste als schoolmeesteresse in Komps. Slaven Logie" sou waarneem.[35] In November 1731 het Jan van Manda na herhaalde versoeke sy vryheid verkry en daarna as bevryde slaaf voortgegaan om die slaweseuns te onderrig.[36] Na betaling van die gebruiklike 100 guldens "vrykoopspenninge" is die slaaf Hans Jacob Jurgen, ook bekend as Hans Jacob van Mariabeen, op 2 Junie 1774 na vyftien jaar diens as skoolmeester in die slawelosie vrygestel.[37] In 1751 het die slaaf Christoffel Stents van die Kaap, ook bekend as Christoffel van Simosia, na die betaling van 100 gulden, sy vryheid verkry. Na negentien jaar diens as

[28] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (Hierna K.A.B.): CJ. 2: Oorspronklike Regsrolle en Notule (Crimineel en Civiel), 1687-07-11; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 170; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 48.

[29] A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 170 - 171.

[30] C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I*, p. 69.

[31] K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1779*, pp. 91 - 92 en 94.

[32] V. de Kock, *Those in bondage*, p. 105.

[33] P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 - 1795*, pp. 180 - 181.

[34] *Ibid.*, p. 180.

[35] K.A.B.: C. 142: Resolutiën, 1764-03-20.

[36] K.A.B.: C. 88: Resolutiën, 1731-11-08.

[37] K.A.B.: C. 122: Resolutiën, 1744-06-02.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skoolmeester het hy as vrygestelde egter voortgegaan om die slaweseuns in die losie te onderrig.[38] In die *Resolusies van die Politieke Raad* word onder meer van die slavinne Armozijn van die Kaap en Manda wat "matresse" in die losieskool was, melding gemaak.[39]

Reeds in 1687 het Simon van der Stel 'n toespraak gelewer waarin hy die belangrikheid van onderwys aan die Kaap beklemtoon het en die rol van skole in die ontwikkeling van goeie deugde onder die vry-, sowel as slawekinders as 'n belangrike prioriteit voorgehou het. As motivering vir die skoliere het hy aanbeveel dat 'n jaarlikse kompetisie tydens die Kerstyd gehou word waartydens die vry- sowel as slawekinders se lees-, skryf- en rekenvermoë, sowel as hulle kennis van die Gereformeerde geloofsartikels getoets kon word. Alhoewel die slawekinders nie vir die pryse in aanmerking sou kom nie, "sullen sij hoofd voor hoofd met een soete koek beschonken werden", om hulle "in hun ijver tot het leeren aan te prikkelen".[40]

Met verloop van jare het die leerlinge in die slawelosieskool toegeneem. In 'n verslag aan Joachim van Plettenberg (1739 - 1793) van 1779 het 'n Kaapstadse skoolinspekteur melding gemaak van die losieskool wat deur 44 Kompanjieslawekinders en 40 (43%) vryburger-slawekinders bygewoon word.[41] In 1822 tydens die Britse bewind het William Bird as volg oor die slaweskool in die losie berig: "There is a school for the children where they are instructed in reading, writing &c. and they make fair proficiency according to their age." [42] In dié tyd is die losie-onderwyser deur die Britse militêre owerhede betaal.

Behalwe 'n bepaling in 1685 deur Van Rheede dat volwasse slawe op twee middae van die week in "de religie en het Christengelooff" onderrig moes word, was die opleiding van volwasse Kompanjieslawe hoofsaaklik op die in-diens-opleiding van aspirant vakmanne en ambagslui gerig wat uiteindelik in die arbeidsbehoeftes van die Kompanjie kon voorsien. Ingevolge 'n resolusie van 28 Desember 1676 is besluit om "twee of meer en van de gaanste swarte jongetjies" as leerjonge saam met elke smid, timmerman, messelaar of ander bekwame vakman te plaas sodat hulle uiteindelik as knap ambagslui in diens van die Kompanjie aangewend kon word.[43] In 1685 het kommissaris H.A. van Rheede met die oog op die toevoeging van ambagslui tot die Kompanjie se arbeidsmag, 'n soortgelyke voorstel aan Simon van der Stel gemaak. Om sekere vaardighede en bekwaamhede te bemeester, moes slawe onder toesig van bestaande Kompanjiesambagslui, soos wadrywers, messelaars, skrynwerkers en ander vakmanne, werk. Sodra hulle die betrokke vaardigheid onder die knie gehad het, moes die slawe dit op hulle eie doen. Hiermee sou die werklas van diegene in die Kasteel aansienlik verlig word.[44] Op 19 April 1708 is dieselfde konsep ten opsigte van

---

38 K.A.B.: C. 129: Resolutiën, 1751-04-27.

39 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 203.

40 *Ibid. III*, p. 179.

41 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1779*, pp. 90 - 95.

42 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 79.

43 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 164; G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687*, p. 149.

44 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 216.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in-diens-opleiding van slawe deur kommissaris Cornelis Joan Simons geopper.[45]

Die Kaapse slawe-eienaars het weggeskram van die formele skolastiese onderrig van hulle slawe, klein sowel as groot, aangesien skoolopvoeding aan die Kaap hoofsaaklik as voorbereiding vir die aanneming van 'n slaaf in die Kaapse Kerk gedien het. 'n Wet wat in 1770 uitgevaardig is, het voorts bepaal dat gedoopte slawe op hulle vryheid geregtig was en nie verkoop mag word nie.[46] Dit sou by implikasie 'n verlies aan verhandelbare eiendom vir die eienaar beteken. In 1806 het Hudson die reaksie van veral die Kapenaars van Nederlandse afkoms op die skolastiese opvoeding van slawe opgesom:

> Ask a Dutchman if he ever thinks of giving a Slave any education to make them more useful in his concerns. Education! Do you suppose me Mad? learn a Slave to read and write? what? Put it in his power to do me every injury make known all my secrets and give him power to cheat me with greater security? No. No ...[47]

Afgesien van bogenoemde negatiewe houding jeens skolastiese opvoeding, het veertig slawe van dorpsburgers in 1779 die Kompanjieskool in die losie bygewoon. Alhoewel daar aanvanklik deur kommissaris Van Rheede bepaal is dat geen slawekinders die ander skole vir burger- en amptenaarskinders in Kaapstad mag bywoon nie, het die bywoningsyfers in 1778 - 1779 aangetoon dat 82 slawekinders (11,8%) in privaatbesit wel dié agt skole bygewoon het.[48] In 1812 het John Campbell ook melding gemaak van slawekinders in privaathuishoudings wat skool toe gestuur is.[49] In 1822 het William Bird van 'n aantal "vryskole" melding gemaak waar slawe volgens ene dr. Bell se leerplan in lees en skryf onderrig ontvang het.[50] Alhoewel Bird beweer het dat die skole deur ongeveer 400 slawe bygewoon is, het 'n opname in 1823 aangedui dat 1 162 slaweleerlinge in hierdie skole in Kaapstad onderrig is.[51] Daarbenewens het 'n paar Christenindiwidue hulle ook met slaweopvoeding bemoei, van wie die weduwee Smith 'n bekende was.[52] In 1823 het die sendeling John Campbell die volgende beskrywing van sy besoek aan hierdie skooltjie gegee:

> On the 17th I visited, in the morning, Mrs. Smith's free school for slaves, which meets two or three times a week, and contains about one hundred and fifty people, black and brown, from six to thirty years of age. Mrs. Smith sat on an elevation in the centre of the meeting-house, and concludes the service by a solemn prayer. Several ladies, and three or four males, assisted in the instruction of the scholars.[53]

---

45 C.J. Simons, *Instructiën gedateerd 19 April 1708 door Commissaris Cornelis Joan Simons,* p. 28.

46 K.A.B.: C. 2322, nrs. 8, 9 en 10: Statuten van India S - T, 1770-04-10.

47 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52.

48 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 105 - 106.

49 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 20.

50 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 78.

51 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 171.

52 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 23; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 78.

53 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* pp. 23 - 24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1822 het William Bird die onbaatsugtige toewyding van weduwee Smith aan Christelike slaweonderwys geloof.[54]

Na die afskaffing van die oseaniese slawehandel in 1808 deur die Britse Parlement, is slawe van gebuite slaweskepe (ook prysslawe genoem) vir veertien jaar as vakleerlinge aan Kapenaars toegewys op voorwaarde dat hulle goed behandel sou word en ook in lees en die beginsels van die Christelike godsdiens onderrig moes word. John Campbell het besoek aan 'n skool gebring waar twintig van dié slawe, wat tussen agtien en twintig jaar oud was, onderrig ontvang het. Dié skool het die volle ondersteuning van kommissaris Shiels geniet.[55]

Die Proklamasie van 1823 het Christenslawebesitters beveel om slawekinders in hulle huishoudings na die vry regeringskole te stuur.[56] Daar was egter geen straf vir oortreders aan die opdrag gekoppel nie. Eienaars het hulle gevolglik nie aan die bepaling gesteur nie en volgens William Wright het relatief min slawe die vryskole in Kaapstad en omstreke bygewoon.[57]

Met die oog op die kerstening van slawe en inboorlinge deur middel van onderwys, het die *South African Missionary Society (SAMS)* in 1823 die *Cape Town Auxiliary* gestig. In een van die skole in Dorpstraat is dag-, aand- en Sondagskoolklasse vir kleuters, jeugdiges en volwassenes ingestel. Leerlinge is in die Nederlandse sowel as Engelse taal, lees, skryf, rekenkunde, aardrykskunde, geskiedenis en teken onderrig. Die meisies het ook opleiding in naaldwerk ontvang. Beide skole van die *Cape Town Auxiliary* in Dorp- en Barrakstraat moes sterk met die Islam vir nuwe bekeerlinge onder die Kaapstadse slawe kompeteer.[58] Die teësinnigheid van Christenslawebesitters om hulle slawe aan skoolonderrig bloot te stel, het aan die Moslemgemeenskap die geleentheid gebied om in die behoefte van slaweonderwys te voorsien. Net soos die staatskole, het dié godsdiensskole toegang aan almal verleen.[59] In 1793 is die eerste Islamitiese godsdienskool of *madrasah* vir vryswart- en slawekinders te Dorpstraat deur imam Abdullah ibn Kadi Abdus Salaam, of beter bekend as Tuan Guru, gestig.[60] Hy was ook die leermeester van die skool waarvan die hoofteksboek en verwysingsgeskrif die 600-bladsy lange *M'arifatul Islámi wal Imái* [61] (Manifestasies van Islam en Geloof) was wat hy in 1781 tydens sy gevangenskap op Robbeneiland geskryf het en waarin hy die *Ash'arite*-filosofie van die *Sunnisme* binne die Islamteologie beredeneer en uitlê.[62] Leerlinge van die Dorpstraat *madrasah* is in die lees en beginsels van die Koran

---

54 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 78.

55 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

56 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 359.

57 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 5

58 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 90.

59 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 94.

60 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 78; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 44 - 45.

61 Abdullah Kadi Abdus Salaam, *M'arifatul Islámi wal Imái*, Ongepubliseerde handgeskrewe Arabiese manuskrip, Kaapstad, 1781.

62 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 88.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderrig, terwyl hulle ook ingelei is in die Shafeeleerstelling binne die Islam, waarvan Tuan Guru met sy Indonesiese herkoms, 'n aanhanger was.[63] Die Islamitiese godsdienstige rituele, die lees en skryf van die Maleise, sowel as Arabiese taal en rekenkunde was voorts deel van die kurrikulum.[64] Die Dorpstraat *madrasah* sou hiermee 'n belangrike inisiatief in die geletterdheid van Kaapse slawe neem. Uit die volgende aanhaling blyk dit dat hierdie skooltjie in 1807 die aandag van die Graaf van Caledon getrek het:

> The Earl of Caledon, who preceded Sir John Cradock as Governor had been convinced that, if the slaves were left in a state of ignorance, they would fall prey to the zeal of the Mohammedan priest, who at the time were conducting a school in Cape Town that was attended by 375 slave children. They were taught the precepts of the Quran, and to read and write Arabic.[65]

Die snelle groei van die Dorpstraat *madrasah* het in 1798 tot die totstandkoming van die eerste moskee in Kaapstad gelei.[66] Volgens die Colebrooke en Bigge Kommissie, het die Dorpstraat *madrasah* in 'n opgawe van 1825 – sewentien jaar na die eerste leermeester, Tuan Guru, se dood – 491 ingeskrewe vryswart- en slaweskoliere gehad met imam Achmat van Bengalen as leermeester.[67] Die aanvanklike onderrigmedium van die Dorpstraat *madrasah* was die Maleise taal, maar sedert 1815 is Kaaps-Hollands as medium gebruik.[68] Dié skool was ook die bakermat van die geskrewe taal van die Kaapse Moslemgemeenskap, naamlik Arabies-Afrikaans. In wese was hierdie taal Kaaps-Hollands, (die sogenaamde "Kitchen Dutch") wat in die Arabiese skrif geskryf is.[69] Dié taal is tot in die dertigerjare van die twintigste eeu algemeen deur die Kaapse Moslemgemeenskap gebesig. Die vroegste geskrewe Afrikaanse tekste is aantekeningboeke van vroeë Moslemstudente, sowel as rituele handleidings. In 1856 is die eerste Arabies-Afrikaanse werk gedruk. Dit was die *Al Qawal Al Matim*, wat die eerste Afrikaanse boek in Romeinse skrif, naamlik *Zamespraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar* deur W.H. Meurant, met ses jaar voorafgegaan het.[70] In 1873 is die *Bayannuddin*, wat deur Abubakar Effendi geskryf is, gedruk.[71]

Teen 1823 was daar nog 'n moskee en groot *madrasah* in Langstraat, sowel as verskeie kleiner Islamitiese godsdiensskole in die Kaapstadse slawe- en vryswartgemeenskap.[72] Teen

---

63 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 96.

64 *Ibid.*, p. 102; A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, pp. 87 - 88.

65 M. Horrel, *The education of the Coloured community in South-Africa, 1652 - 1970*, p. 10.

66 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 93.

67 Government Publication, Colebrooke and Bigge Commission Report 1835, I, *Imperial Blue Book*, p. 210.

68 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 89.

69 A. Davids, *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 - 1915*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Natal, 1992, p. 38.

70 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45; *Cape Times*, 1952-02-01, p. 9.

71 A. Davids, *The early Muslims at the Cape, 1652 - 1800*, p. 11.

72 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 90.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1832 het minstens 12 godsdiensskole vanuit die huise van imams gefunksioneer.[73] In 1838 het selfs 'n Christenleraar, eerwaarde James Willis Sanders, sy bewondering en waardering vir die toewyding van die imams ten opsigte van slaweopvoeding uitgespreek.[74] Volgens die getuienis van die Moslempriester Muding voor die Colebrooke en Bigge Kommissie het Moslemkinders ook die skole vir kinders van Europese afkoms bygewoon.[75]

Alhoewel die Kaapse burgers geneig was om die skoolonderrig van slawekinders in hulle huishouding te verwaarloos,[76] is die opleiding van slawekinders in die een of ander ambag of nering nie agterweë gelaat nie. Opgeleide ambagslawe was waardevol, aangesien hulle op sigself in verkoopstransaksies hoë pryse behaal het en hulle dienste tot die beste finansiële voordeel van hulle meesters aangewend kon word, soos Thunberg tereg opgemerk het: "... slaves ... learn various trades, by which they bring their masters considerable profit, especially such as are taylors, carpenters, bricklayers, or cooks." [77] Ambagslawe het in die behoeftes van die huishouding, soos klere, skoene, pruike, meubels, wonings en so meer voorsien, terwyl hulle dienste ook tot voordeel van die eienaar uitverhuur is. Ambagslawe is toegelaat om op 'n semi-onafhanklike basis en teen betaling van 'n vasgestelde bedrag per week of per maand aan die eienaar, hulle eie "koelij geld" te verdien.[78] "Some of these, indeed, are artificers, and are hired out at certain rates for the day, week of month", aldus Barrow.[79] Soms het die geskoolde ambagslawe wat aan verskeie persone uitverhuur is, 'n vaste inkomste vir hulle meester ingebring, terwyl dit in sommige gevalle die enigste bron van inkomste vir die eienaar was.[80] Dit was 'n algemene gebruik aan die Kaap om by die geboorte van 'n kind 'n slaaf of slawe aan hom te skenk wat aanvanklik eers as oppasser vir die jong kind opgetree en later, deur die beoefening van 'n ambag, vir sy jong meester geld verdien het. Op dié wyse het 'n groot aantal Kaapse kinders 'n aansienlike maandelikse inkomste ontvang waaruit hulle hulle vermake en oordadige genietinge kon finansier.[81] Hudson verwys juis ook na 'n welvarende Kapenaar waarvan die grondslag vir sy rykdom op dié wyse gelê is.[82] Opgeleide ambagslawe was dus onteenseglik 'n ekonomies waardevolle besitting. "From principles of economy, every individual Dutchman employed his slave at some trade; and besides obtained money hy hiring him out, or selling the produce of his labour", aldus Percival.[83] Intelligente Kaapsgebore slaweseuns en -dogters wat uit verbintenisse tussen slawe en Europeërs gebore is, was veral

---

73 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 90.

74 *Ibid.*, p. 91.

75 Government Publication, Colebrooke and Bigge Commission Report 1835, I, *Imperial Blue Book*, p. 208.

76 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 172.

77 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26.

78 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26.

79 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 46.

80 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34

81 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 67.

82 *Loc. cit.*

83 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 247 - 248.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beskore om in 'n ambag opgelei te word. Hierdie halfslag slawekinders was op 'n jeugdige ouderdom reeds bruikbaar en vir opleiding in een of ander ambag bestem.[84]

Wat die opleiding van ambagslawe betref, is kontrakte soms aangegaan ingevolge waarvan een Europeër onderneem het om die slaaf van 'n ander Europeër in 'n bepaalde ambag of vak op te lei. So het 'n Kompanjiesoldaat, ene J.B. Rudolph, onderneem om 'n slaaf van Daniel van Ryneveld teen 'n vasgestelde bedrag binne 'n tydperk van vyf jaar in kleremakery op te lei.[85] Dié ooreenkomste was egter nie net tot Europeërs beperk nie. In 1755 het die vryswartvrou Maria van die Kaap 'n ooreenkoms met Daniel Scheg aangegaan ingevolge waarvan hy haar seun vir agt jaar in kleremakery sou oplei.[86] Sommige slawe is onder meer ook as pruikemakers opgelei.[87] In die *Slaweregister* van die negentiende eeu is talle voorbeelde van jong slawe wat as vakleerlinge opleiding ontvang het.[88]

Wat die onderwys van slawe op die akkerbouplase betref, was die situasie nie so rooskleurig nie. Toegang tot onderwys was beperk weens die afstande van die naaste dorpe en bowendien het boere die skolastiese onderrig van hulle slawe as onnodig beskou.[89] In enkele gevalle is slawekinders in die huishouding saam met die burgerkinders deur die gehuurde kneg-onderwyser op die plase onderrig. In sy navorsing oor privaatskoolmeesters aan die Kaap kon J. Hoge slegs twee gevalle opspoor waar slawe deur 'n meester onderrig is. Volgens hom was die kontrak wat die oud-heemraad van Drakenstein, Pierre Rousseau, met Gerrit Daveman gesluit het die enigste kontrak waarin bepaal is dat die gehuurde skoolmeester ook die slawe van die eienaar moet onderrig.[90] In die boedelinventaris van Martin Melck, wat in lewe die eienaar van ongeveer tweehonderd slawe op sy akkerbouplaas Elsenburg was, word daar van 'n klaskamer, skoolbanke en ander skooltoerusting melding gemaak.[91] Hoge het dus 'n heel logiese afleiding gemaak dat slawe en hulle kinders deur 'n skoolmeester in die klaskamer onderrig ontvang het.[92] Hierdie skoolmeesters, wat aanvanklik as soldate en matrose in diens van die Kompanjie was, is deur die Kompanjie as onderwysers aan die boere verhuur.[93] As sodanig was hulle kwalifikasies en bekwaamhede meesal onder verdenking,[94]

---

84 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130.

85 K.A.B.: CJ. 2905, nr. 67: Contracten, 1772-12-23.

86 K.A.B.: CJ. 3037, nr. 33: Notariële Documenten, 1755-02-11.

87 K.A.B.: CJ. 2896, nr. 51: Contracten, 1760-02-02.

88 K.A.B.: SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-24; SO. 6/12. p. 38: Register of Slaves, 1816-11-14; SO. 6/12, p. 39: Register of Slaves, 1816-12-21; SO. 6/13, p. 67: Register of Slaves, 1816-07-23; SO. 6/13, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-21.

89 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 172; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 22 - 23.

90 J. Hoge, Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu, *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, 15 Junie 1937, p. 26.

91 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, p. 53.

92 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 349.

93 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 165.

94 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 98; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 280.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



alhoewel hulle in sommige gevalle tog wel op ander gebiede 'n belangrike rol op die plase vervul het.[95]

Wat die dorpskole in die akkerboustreek betref, het die *London Missionary Society* in 'n mate in die behoefte van Christelike slaweonderwys voorsien. In November 1812 het die direkteur van die *London Missionary Society*, John Campbell, tydens sy reise 'n besoek aan sendeling Bakker op Stellenbosch gebring. Bakker het slawe op Sondae, sowel as deur die week onderrig.[96] Campbell het ook besoek aan sendeling Messer op die Stellenbosse plaas van ene Roos gebring, waar Messer die voorafgaande dertien maande die slawe van Roos, sowel as dié van naburige plase onderrig het.[97] Die eerste amptelike slaweskooltjie te Stellenbosch is in 1824 gestig.[98] In 1813 het Campbell melding gemaak van 'n gebou vir slaweonderwys wat in die Paarl deur die Christene aldaar opgerig is.[99] Die leerplanne het waarskynlik lees, die memorisering van Bybeltekste, dele van die Heidelbergse kategismus en gesange behels.[100] Teen 1824 het beide slaweskole in Stellenbosch, sowel as Graaff-Reinet net meer as sewentig slawekinders bedien.[101] In die ander landelike dorpies van die akkerboustreek, waar slawekinders dieselfde skool as die blanke kinders bygewoon het, was hulle bywoningsyfer heelwat laer en minder gereeld as wat op Stellenbosch die geval was. Bowendien het slawekinders ook die blanke skool op Stellenbosch bygewoon.

Isolasie het 'n belangrike rol in die gebrek aan skoolonderrig in die afgeleë binneland gespeel.[102] Op die afgeleë boereplaas was onderwysgeleenthede vir die slawekinders maar skraal, alhoewel "a number of schoolmasters ... are dispersed every where through the country", aldus Burchell.[103] Slawekinders kon maar net hoop op die eienaar se vergunning om saam met sy kinders deur die inwonende "meester" onderrig te word. Soos reeds vermeld, was hierdie meesters gewoonlik oud-soldate of matrose wat in diens van die Regering was [104] en vir tydperke van ses tot twaalf maande aan die boere uitgehuur is.[105] Die kwaliteit van die skoolonderrig was nie na wense nie, aangesien dié meesters nie opgeleide onderwysers was nie en ook ander take op die plaas moes verrig, soos om te help ploeg, terwyl hulle ook behulpsaam was met in die hantering van die boere se transaksies en as voorsanger tydens Sondaggesange moes optree.[106] Op die afgeleë veeplase is dié meesters in die vorm van vee beloon wat aan sommiges die geleentheid gebied het om self 'n veestapeltjie op te bou en

---

95 *Gleanings in Africa*, p. 276.

96 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 24.

97 *Ibid.*, pp. 26 en 38.

98 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, pp. 171 - 172.

99 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 325.

100 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, pp. 171 - 172.

101 *Ibid.*, p. 171.

102 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 82.

103 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 199.

104 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 205.

105 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 199.

106 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 82; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 206.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

selfstandige boere te word.[107] Onderwys *per se* was dus oor die algemeen nie die belangrikste prioriteit in die afgeleë binneland nie.[108]

Daar is wel gevalle waar die meer gegoede en beskaafde binnelandse boere hulle positief met die skoolonderrig van hulle slawe bemoei het. Hiervan is Johanna Duminy van die plaas Bokrivier in die Overberg 'n goeie voorbeeld. In haar kasboekie verskyn drie inskrywings waar slaweskoolgeld ter sprake is:

- Jan. 1790: school gelt voor de slaaven kinderen, Rds. 2.
- Jan. 1791: schoolgelt voor de slavenkinderen voor een jaar, Rds.10.
- Des.1793: dit schoolgelt slave kinderen.[109]

Daarbenewens het mevrou Duminy een van haar slawe as skoenmaker laat oplei:

- Nov. 1794: aan de schoenmaker gegeven een jongen om te leren en daar gegeven, Rds. 25.[110]

Uit die bestudering van slaweonderwys aan die Kaap is dit duidelik dat daar 'n noue verband tussen onderwys en godsdiens bestaan het. In beide gevalle van die twee hoofgodsdienste aan die Kaap, naamlik die Christendom en Islam, was onderwys nie bloot sekulêr nie, maar het dit 'n oorwegend religieuse grondslag gehad en het die onderskeie godsdienstige leërstellings die kern van die skoolkurrikula gevorm. Van al die slawebesittende groepe het die Kompanjie sy verantwoordelikheid ten opsigte van slaweonderwys relatief die beste nagekom, terwyl die burgers oor die algemeen skepties teenoor die skolastiese onderrig van hulle slawe gestaan het omdat onderwys gewoonlik tot die doop en opname in die Kaapse Kerk en gevolglike beperkings op die verkoop van gedoopte slawe gelei het. Die opleiding in ambagte het, weens eiebelang en materiële oorwegings van die eienaars, wel aandag geniet.

## Godsdiens

Tydens Kompanjiesbeheer is die leerstellings en gesag van die Gereformeerde Kerk, wat die "publieke kerk" van Nederland was, deur die VOC in sy buitelandse gebiede gehandhaaf. Aan die Kaap sou dié kerk veral ten doel hê "om de waere Gereformeerde godsdienst op de saghtste doch echter krachtigste wijze in haere waarheid voor te stellen", aldus die Kaapse Kerkraad in 'n brief aan die Klassis Amsterdam in 1734.[111] Volgens I.D. Macrone is daar aan die Kaap statutêr teen mense op grond van hulle geloof gediskrimineer.[112] Mentzel het in die eerste helfte van die agtiende eeu opgemerk dat "... the Reformed faith is the supreme, in fact, the only religion that has a public church ... The Dutch Republic and the Dutch East India

107 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 199.

108 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 206.

109 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 333, 335 en 342.

110 *Ibid.* , p. 348.

111 C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I*, p. 175.

112 I.D. Macrone, *Race attitudes in South Africa: historical, experimental and psychological studies*, pp. 7, 40 - 46, 76 - 78 en 134 - 135.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Company are anxious to maintain the supremacy of the Reformed faith at the Cape ..." [113] Bekering tot die Gereformeerde Christelike geloof het positiewe gevolge ten opsigte van regstatus en sosiale posisie meegebring, terwyl 'n afwyking van die Gereformeerde Calvinistiese geloof met vooroordeel bejeën is. Sommige gelowe is glad nie aan die Kaap geduld nie, soos in geval van die Rooms-Katolieke geloof wat tot 1804 geen openbare godsdiensbeoefening toegelaat is nie, terwyl sodanige kinders in die Kaapse Kerk gedoop moes word.[114] Alhoewel 'n totale verbod op kerkdienste en enige vorm van geloofsbeoefening van die Rooms-Katolieke geplaas is,[115] is daar aanduidings dat 'n beperkte aantal Kapenaars, waaronder ook slawe, wel tot die Rooms-Katolieke geloof behoort het.[116] Met sy besoek aan die Kaap in die 1780's, het die Franse Jesuïete wetenskaplike en sendeling, vader Guy Tachard (1651 - 1712), melding gemaak van die aantal Rooms-Katolieke Kapenaars, vry mense van diverse herkoms sowel as slawe, wat hom dag en nag in die geheim besoek het.[117] Van die Kaapse slawe wat van die Portugese gebiede afkomstig was, het reeds by hulle aankoms tot die Rooms-Katolieke geloof behoort.[118]

'n Mate van verdraagsaamheid is wel ten opsigte van ander gelowe aan die dag gelê. Aanvanklik is die Lutherane in Kaapstad nie toegelaat om hulle eie predikant te hê nie.[119] Voor 1780 is hulle wel toegelaat om kerkdienste te hou en sakramente in privaathuise te bedien, maar die lui van klokke om die gemeente byeen te bring, is egter verbied.[120] In 1780 is die Lutherse Kerk in Strandstraat in gebruik geneem en kon die Lutherane hulle geloof ongestoord beoefen. Die Anglikane is selfs toegelaat om kerkdienste in die Groote Kerk te hou.[121] Alhoewel die *Statute van Indië* pertinent die beoefening van die Islamgeloof verbied het,[122] is 'n beperkte mate van geloofsvryheid wel aan die Kaapse Moslems toegestaan. Hierdie vergunning het die voorwaarde behels dat dit nie-amptelik in die privaatheid van hulle huise beoefen moes word en nie in konflik met Kompanjiesbeleid en -praktyk moes wees nie.[123] Moslemimams is voorts verbied om slawe te besny.[124] Strawwe wat onder meer die konfiskasie van die slaaf en 'n boete van 500 riksdaalders behels het, is aan eienaars opgelê

---

113 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 130.

114 *Loc. cit.*

115 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 100.

116 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 108.

117 R. Raven- Hart (red.), *Cape of Good Hope 1652 - 1702: The first fifty years of Dutch colonization as seen by callers II*, p. 279.

118 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 126.

119 *Ibid. I*, p. 130.

120 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 107.

121 *Loc. cit.*; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 24.

122 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, p. 132.

123 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 24.

124 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 134; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, pp. 131, 132 en 147; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 172; K.A.B. : C. 2322, nr. 1: Statuten van India S - T, 1770-04-10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat hulle slawe toegelaat het om die Moslemgeloof aan te neem.[125] Voor die Moslems toegelaat is om 'n moskee te bou, het hulle opelug godsdienstige byeenkomste in die steengroef aan die voet van Seinheuwel in Chiappinistraat, sowel as in privaathuise gehou.[126] In 1804 het 'n ordonnansie deur kommissaris J.A. de Mist godsdiensvryheid aan alle gelowe wat 'n Almagtige Wese aanbid het, verleen.[127] In 1806 is die eerste moskee te Dorpstraat in Kaapstad gebou.[128]

Wat die kerstening van slawe tot die Christendom betref, is dit van belang om die rol wat die Kaapse Kerk, sowel as die Bataafse en Kaapse owerhede gespeel het, te bepaal. Volgens die gesaghebbende *Sinode van Dordt* (1618 - 1619), wat die basiese leerstellinge en prosedures van die Kaapse Kerk neergelê het, moes slawe in Gereformeerde huishoudings gedoop en as Christenlidmate in die kerk en gemeenskap opgeneem word. Onderworpe aan bepaalde voorwaardes was Christenslawe voorts op hulle vryheid geregtig, terwyl hulle ook nie deur Christeneienaars verkoop mag word nie.[129] Voor 1770 was daar egter geen wet of regulasie aan die Kaap wat aan dié Dordtse beginsels uitvoering kon gee nie.[130] Die kwessie rondom die doop van slawe sou 'n voortslepende probleem blyk te wees, juis vanweë die inherente konflik tussen morele Christelike oortuigings en ekonomiese realiteite van slawe-eienaars, die erns waarmee die doop as ware simbool van redding onder "bekeerde" slawe begryp is, sowel as die kwessie van kennis en onderrig in die Christelike leer van te doopte en gedoopte slawe. Tydens Kompanjiesbewind het daar telkens verwarring rondom die beleid en praktyk van slawedoop ontstaan.

Die eerste riglyn oor die doop van slawe is in 1664 deur die Raad van Indië as antwoord op 'n versoek oor die duidelikheid met betrekking tot die doop van slawekinders van ongelowige ouers in 'n brief aan die Kaapse owerhede neergelê:

> dat alsulcke kinderen op 't Christengelove, van degeene, daer se bij inwonen, 't sij het hun lijffheeren zijn, ofte niet, wel mogen werden gedoopt, mits dat deselve haer verbinden, sodanich kindt, off kinderen in de Christelijcke religie op te trecken, sijnde dit ten principalen gefundeert, op het exempel van den patriarch Abraham, op wiens gelove, alle die van sijnen huisje waren, besneden wierden ...[131]

---

125 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 4; K.A.B. : C. 2322, nr. 1: Statuten van India S - T, 1770-04-10.

126 S.A. Rochlin, The first mosque at the Cape, *South African Journal of Science* 33, March 1937, p. 1101; A. Davids, *The early Muslims at the Cape, 1652 - 1800*, p. 11; I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 7; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Soutern Africa II*, p. 146; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 73; G. Forster, *A voyage round the world in His Brittanic Majesty's Sloop I*, pp. 60 - 61.

127 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 87.

128 A. Davids, *The early Muslims at the Cape 1652 - 1800*, p. 14.

129 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1890*, p. 128.

130 *Ibid.*, p. 129.

131 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 340.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens 'n resolusie van die Politieke Raad op 22 Maart 1666 moes eerwaarde Joan van Arckel toesien dat alle kinders van beide Christene sowel as slawe gedoop word en onderrig in die Christelike godsdiens ontvang, [132] nadat die besoekende predikant Philippus Baldaeus 'n opskudding veroorsaak deur te weier om die kind van 'n slawemoeder en Nederlandse vader te doop en die slawekind "met goeden voorbedacht versmadelijckerwijs van hem affgewesen" het.[133] In dieselfde resolusie het die Politieke Raad besluit dat die "ou orde" herstel is en predikant De Voocht versoek om die weggewysde slawekind, sowel as "alle ander, die daerom soude mogen comen versoecken" die daaropvolgende Sondag te doop.[134] 'n Besluit wat op 7 Mei 1666 deur die Kerk geneem is, was bepalend in die houding van die Kaapse Kerk jeens doopbediening aan plaaslike slawekinders. Hiervolgens is goedgevind dat,

> slavenkinderen waarvan de vader of de moeder mocht Christen zijn, tot den Heiligen Doop zullen mogen worden toegelaten, mits hun heer en meester of iemand in hunne plaats compareerde, maar zoo wanneer de anders beide nog vreemd zijn aan het Christelijk geloof, zullen zij niet tot het Sacrament des Heiligen Doops geadmitteerd worden, of de ouders zullen eerst in het Christen geloof onderwezen worden, opdat zoo de ouders met die kinders door den Heiligen Doop in de Kerk Christi mogen ingeleifd worden.[135]

Die besluit het voorts bepaal dat die Politieke Raad "of één uyt haer" as getuie tydens die doop van Kompanjieslawekinders teenwoordig moet wees. In 1677 het die Kaapse Kerkraad 'n wysigingsvoorstel ingedien waarin versoek is dat daar van die Bataafse gebruik om slawekinders wie se ouers heidene is te doop, afgewyk word. Daar is voorgestel dat slaweouers voor hulle kinders se doop in die Christelike geloof onderrig moes word om sodoende saam met hulle kinders gedoop te word. Hierdie voorstel is deur die Politieke Raad van die hand gewys en daar is versoek dat die Bataafse gebruike ooreenkomstig die Resolusie van 22 Maart 1666 nagevolg word.[136] Op 20 Junie 1680 is die beginsel in 'n brief van die Heeren XVII aan Simon van der Stel bevestig en moes hy hom, wat die doop van slawekinders betref, deur die gebruike van Batavia laat lei.[137]

Volgens kommissaris Van Rheede het die besluit van die Kerkraad in Batavia, wat bepaal het dat die kinders van ongelowige slawe wel gedoop mag word indien die eienaars sou onderneem om hulle vry te stel en in die Christelike geloof te onderrig, tot 'n drastiese afname in die doop van slawe aan die Kaap gelei. Beide die Kompanjie en privaateienaars was huiwerig om hulle aan so 'n belofte te verbind.[138] In sy instruksies aan die Kaapse owerhede

---

[132] A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 340.

[133] *Ibid. I*, pp. 340 - 341.

[134] *Ibid. I*, p. 341.

[135] J.I. Marais, *Geschiedenis der N.G. Kerk in Zuid-Afrika*, p. 17.

[136] A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 160; G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687*, p. 148.

[137] D. Moodie (red.), *The Record: Or a series of official papers relative to the condition and treatment of the native tribes of South Africa I*, p. 376.

[138] A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 209.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het Van Rheede aanbeveel dat die Kompanjie voogdyskap van die slawekinders moet aanvaar om as sulks verantwoordelik vir hulle doop en opvoeding in die Christelike Gereformeerde geloof te wees.[139] Daarbenewens moes slawemans sowel as -vroue van die Kompanjie, afhangend van hulle ouderdom en diensjare en onderworpe aan bepaalde voorwaardes, vrygestel word. Die drie voorwaardes het 'n kennis van die Nederlandse taal, belydenis van die Gereformeerde Christelike geloof en die betaling van 'n honderd gulden behels.[140] Volgens Van Rheede was slawekinders van Europeërvaders op voorkeurbehandeling ten opsigte van vryheid geregtig en het daarom bepaal dat sodanige kinders gedoop en op 'n vroeër ouderdom as ander Kompanjieslawekinders hulle vryheid moes verkry.[141] Hierdie regulasies was eerder gemoeid met die afkoms van 'n slaaf en die geloofsoortuiging van sy vader en nie soseer met sy sieleheil en persoonlike geloofsoortuiging nie.[142]

In 1707 het eerwaarde E.F. le Boucq van die kerk te Drakenstein in 'n brief aan die Amsterdamse Klassis skerp kritiek uitgespreek op die Kaapse owerhede wat toegelaat het dat gedoopte slawe sowel as hulle gedoopte kinders, selfs nadat hulle reeds kerklidmate geword het, steeds verkoop en soos slawe behandel is.[143] Hy het ook versoek dat die doop nie net aan slawekinders met Europese vaders bedien moet word nie, maar dat alle slawe – ongeag afkoms – vir die doop in aanmerking moet kom. Hy het egter beswaar gemaak dat volwasse slawe te maklik gedoop is en dat die doop misbruik word deur kinders van nie-Christene voor die voet te doop.[144] In reaksie hierop het die Politieke Raad op 12 Julie 1707 besluit dat 'n getuie voortaan tydens die doop van slawekinders teenwoordig moes wees om die status van die slaaf te bevestig en om verantwoordelikheid vir die Christelike opvoeding van die betrokke slaaf te aanvaar.[145]

In reaksie op klagtes van Mauritz Pasques de Chavonnes het die Politieke Raad op 17 Junie 1721 besluit dat slawe nie meer op Sondae gedoop sou word nie, dat slegs Christenslawe se kinders vir die doop in aanmerking sou kom, dat slawe nie as getuies tydens die doop van slawekinders aanvaar sou word nie en dat slawekinders voortaan meer beskeie sonder allerlei versierings tydens hulle doopplegtigheid geklee moes wees.[146]

In Oktober 1721 het die predikante van Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein in 'n gesamentlike voorstel aan die Politieke Raad die oorspronklike Bataafse instruksies van 1664 oor slawedoop bevraagteken. Hulle het aangevoer dat die Skrif met betrekking tot die

---

139 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 209.

140 *Ibid.*, p. 211.

141 G.M. Theal (red.), *Belangrijke historische documenten verzameld in de Kaap Kolonie en elders*, p. 28.

142 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 129.

143 *Ibid.*, p. 128; I.D. Macrone, *Race attitudes in South Africa: historical, experimental and psychological studies,* pp. 77 - 78 ; A. Morees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,* p. 38; C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I,* pp. 63 - 65.

144 *Loc. cit.*

145 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 12 - 13.

146 *Ibid.*, p. 116; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 111.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besnydenis van Abraham se hele huis verkeerd geïnterpreteer is. Volgens hulle het die doop van slawe alvorens hulle in die beginsels van die Gereformeerde geloof onderrig is, nie 'n waarborg vir ware en opregte Christenskap van slawekinders met "heidense" ouers verskaf nie. In reaksie op gemelde wysigingsvoorstel ten opsigte van slawedoop, erken die Politieke Raad dat die Bataafse opdrag van 25 Januarie 1664 nie in oorstemming met die Bybel is nie en onderneem om die saak vir uitsluitsel aan die Bataafse owerhede voor te lê, alvorens enige verandering in dié verband aangekondig sou word.[147]

Weens die feit dat geen wet of regulasie voor 1770 bestaan het wat die Dordtse beginsels aan die Kaap kon afdwing nie, is die Christelik Gereformeerde leerstellings ten opsigte van slawedoop voor dié datum gerieflikheidshalwe deur die meeste Kapenaars geïgnoreer. Op 10 April 1770 egter sou die Dordtse leerstellings vir die eerste maal amptelik 'n rol in wetgewing deur die Bataafse owerhede oor die doop van slawe aan die Kaap speel.[148] Volgens die *Dordtse Sinode* van 1618, wat die basiese leerstellings en prosedures van die Kaapse Kerk bepaal het, was 'n Christenslaaf op sy vryheid geregtig en mag 'n gedoopte slaaf nie deur sy Christenmeester verkoop word nie.[149] Met die afkondiging van die statuut op 10 April 1770 deur die Raad van Indië, is daar uiteindelik wetlike status aan die Dordtse beginsels van slawedoop en -vryheid verleen. Hierdie wet het Christene verplig om voortaan hulle slawe in die Christelike leer te onderrig en te laat doop, terwyl die verkoop van Christenslawe pertinent belet is. By die afsterwe of vertrek van die betrokke eienaar moes die Christenslawe vrygestel, weggegee of bemaak word en wel met die uitdruklike voorwaarde dat hulle nie deur hulle nuwe eienaars verkoop sou word nie. Ingevolge hierdie statuut is slawe ook toegelaat om na hulle doop in die Kaapse Kerk hulle vryheid te koop.[150] Geen eienaar was egter onder verpligting om sy Christenslawe direk na hulle doop vry te stel nie en kon vergoeding vir hulle vrystelling eis. Hierdie wet, wat sy oorprong in die Gereformeerde leerstellings van die *Sinode van Dordt* gehad het en die kerstening van slawe tot die Gereformeerde Christelike geloof ten doel gestel het, het tot groot omstredenheid gelei en die vertolking daarvan deur die eienaars sou verrykende negatiewe gevolge vir die verspreiding van die Christendom onder die Kaapse slawe hê. Dit sou eerder een van die belangrikste bewegingsmomente in die verspreiding van die Islam aan die Kaap wees.

Wat die Kompanjieslawe betref, blyk dit – soos reeds bespreek – dat die Kompanjie betreklik vroeg die die gebruiklike rojale doopbediening van die Gereformeerde Kerk in Nederland, wat

---

147 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 137 - 138.

148 *Ibid. VI*, pp. 130 - 131; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, pp. 131 - 132; K.A.B.: C. 2322, nrs. 8, 9, en 10: Statuten van India, S - T, 1770-04-10.

149 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 128.

150 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 130 - 131; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, pp. 131 - 132; K.A.B.; C. 2322, nrs. 8, 9 en 10: Statuten van India, S - T, 1770-04-10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook in Batavia aan die orde van die dag was, aan die Kaap gehandhaaf het.[151] Kinders in die slawelosie is by geboorte almal gedoop, [152] terwyl Kolbe in die vroeë agtiende eeu opgemerk het dat die Kompanjie "hare slaven en slavinnen, van vreemde plaatzen hier gebragt, zeer gaarn door den H. Doop der Christelyke Religie inlyft ... en bevolen heeft 'de kinderen, welke hier geboren worden, alle zonder onderscheid te dopen, en naderhand in haar school 't Christendom uit den grond als mede lezen en schrijven te leren".[153] In 1773 het Thunberg bevestig dat, alhoewel die Kaapse slawe nie oor die algemeen in die Christelike geloof onderrig of hulle kinders gedoop is nie, die Kompanjie wel toegesien het dat die slawekinders wat in die losie gebore is, gedoop en 'n sekere mate van onderrig in die Christelike geloof ontvang het. Volgens hom was was dit waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die meeste slawekinders Europese vaders gehad het.[154] Uit voorafgaande is dit duidelik dat die Kompanjie hom wel tot 'n mate by die bepalings ten opsigte van slawedoop neergelê het. Die Kompanjie het veral 'n morele verantwoordelikheid teenoor die doop van slawekinders met Europese vaders aanvaar. Kompanjieslawe is gewoonlik as 'n groep op spesiale Sondae in die jaar laat doop.[155] Uit die navorsing van Elphick en Shell blyk dit dat die koers waarteen Kompanjieslawe gedoop is tydens die agtiende eeu relatief hoog gebly het,[156] terwyl die doopsyfers van slawe in privaatbesit baie laag was en gedurende dié tyd 'n afname getoon het.

Die goedkeuring van 'n wysigingsvoorstel van die Kerk in 1781 deur die Politieke Raad wat die doop van bejaarde slawe sou verbied, het 'n vraagteken oor die erns en morele verantwoordelikheid van die Kompanjie teenoor die geestelike versorging van al sy slawe – selfs die onproduktiewe bejaardes – geplaas. In hierdie gesamentlike wysigingsvoorstel deur beide die Gereformeerde en Lutherse Kerkrade, wou die Kerk die versorgingslas van armoedige gedoopte bejaarde slawe van sy skouers afskuif.[157]

Alhoewel die Kompanjie meer slawe – veral kinders – as privaateienaars gedoop het, is die morele plig ten opsigte van die vryheid van gedoopte Christenslawe, soos in die Christelike leerstellings vervat, nie nagekom nie. In die agtiende eeu was daar proporsioneel meer vrystellings van slawe in privaatbesit as van Kompanjieslawe.[158] In dié opsig het privaat-eienaars 'n sterker morele gewete as die Kompanjie geopenbaar en was die huiwering van eienaars om hulle slawe te doop volgens Kolbe daaraan toe te skryf "dat hen als Christenen

---

151 G.J. Schutte, Tussen Amsterdam en Batavia; de Kaapse samenleving en de Calvinistische kerk onder de Compagnie, *Kronos* 25, 1998/99, pp. 8 en 15; A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1663, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II,* p. 95; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 340; *Ibid. II,* pp. 159 - 160; *Ibid. VI,* pp. 137 - 138.

152 A.W. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop; een Nederlandse vestigingskolonie, 1680 1730,* D.Phil.-proefskrif, Vrije Universiteit Amsterdam, 1999, pp. 186 - 199; J.N. Gerstner, *The thousand generation covenant: Dutch Reformed covenant theology and group identity in colonial South Africa, 1652 - 1814,* pp. 204 - 212.

153 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 322.

154 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 169.

155 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 351.

156 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 129 - 130.

157 *Loc. cit.*

158 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bedenkelyk voorkomt, om andere Christenen tot slaven te hebben".[159] Die doop van Kompanjieslawe het egter nie tot 'n algemene aktiewe betrokkenheid van bekeerde slawe by die Kaapse Kerk gelei nie. Hiervan getuig die beperkte aantal slawe wat op die nagmaalrolle van die Kaapse Kerk verskyn.[160]

Wat die stedelike slawe betref, is daar – buiten die Kompanjieslawe – hoofsaaklik slawe van Kompanjiepersoneel en 'n Christelike patrisieër minderheid in Kaapstad gedoop.[161] Tydens die Eerste Britse Besetting is die doop van losieslawe in die Kaapse Kerk laat vaar, aangesien die Anglikaanse Kerk nie die opvoeding van alle gedoopte slawe vereis het nie.[162]

Uit dagboeke en reisbeskrywings blyk dit dat daar veral gedurende die agtiende eeu 'n algemene traagheid onder privaateienaars was om hulle slawe tot die Christendom te kersten. Slegs slawe wat vir vrystelling bestem was, is gedoop.[163] Tydens sy besoek van Oktober tot November 1772 het George Forster (1754 - 1794) die Kompanjie, sowel as die burgers se laksheid ten opsigte van die religieuse versorging van hulle slawe bevestig: "The government, and the inhabitants do not give themselves the trouble to attend to a circumstance of so little consequence in their eyes, as the religion of their slaves, who in general seem to have none at all." [164] Selfs tydens die Eerste Britse Besetting het dié tendens kaptein Robert Percival ook opgeval:

> A small portion of the people of colour and free blacks are converted to Christianity, ... The Dutch government have been very remiss in not urging the clergy more to the duty of instruction both the natives and slaves in Christianity. Even the people of colour, partly the offspring of Christians, have been often denied baptism ...[165]

In 1831 het William Wright opgemerk dat, alhoewel hy van geen insident bewus is waar slawe pertinent verbied is om enige openbare Christelike aanbidding by te woon nie, "I have seldom seen a wish expressed or an encouragement held out to them to do so. They at best seem to be perfectly indifferent on the subject".[166] Die rede vir die gebrek aan wilskrag en entoesiasme onder eienaars om hulle slawe tot die Christendom te lei, is deur Percival raak opgesom: "... but, as I have been told, their chief motive was the fear of their being lost to them as slaves, on their becoming Christians." [167] Die kern van hierdie probleem was dus geleë in die konflik tussen die Christelik Gereformeerde leerstelling van die vryheid van Christene en die direkte ekonomiese bedreiging wat die beperkende maatreëls van die gemelde statuut vir

---

159 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 321.

160 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 134.

161 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 354.

162 *Ibid.*, pp. 202 en 343.

163 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 130 - 131.

164 G. Forster, *A voyage round the world, in His Brittanic Majesty's Sloop I*, p. 60.

165 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 274 - 275.

166 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 4.

167 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 275.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



slawe-eienaars ingehou het.[168] Gedoopte slawe wat hulle vryheid kon opeis, het by implikasie 'n potensiële verlies aan eiendom beteken, terwyl die verbod op die verkoop van gedoopte slawe die bemarkbaarheid van slawe beperk het.[169] Die gevolg was dat slawe-eienaars na die afkondiging van hierdie wet alle vorme van onderrig in die Christelike leer aan hulle slawe verwaarloos het, soos tereg deur besoekers opgemerk is.[170]

Dominee M.C. Vos van Tulbagh het op 9 Maart 1812 in 'n brief aan die owerhede hierdie wet, wat die verkoop van gedoopte slawe belet het, as die grootste struikelblok in die kerstening van slawe deur Christeneienaars bestempel.[171] In reaksie op dominee Vos se versoek om die wet te herroep, het sir John Cradock in dieselfde jaar 'n versoek aan lord Bathurst gerig waarin hy die herroeping van die wet bepleit het:

> My Lord, I have to submit to your Lordship that I felt it my duty to repeal a Resolution of the Council of Batavia, passed the 10th April, 1770, which by prohibiting the transfer or disposal of slaves who had been converted to Christianity, completely stopped the progress of the Christian religion among that class of persons, for it was not to be supposed that the Dutch inhabitants or others would encourage any exertion on this subject, whereby they were to suffer in their property. Until this repeal took place, every opposition would certainly be given to the conversion of any slave, or even his appearance at any church.[172]

Bewus van die negatiewe impak wat dit op die kerstening van slawe tot die Christelike geloof gehad het, het Cradock in 1812 hierdie omstrede wet wat die verkoop van Christenslawe belet het, opgehef aangesien 'n wet wat aanvanklik die bevordering van die Christelike geloof en ware godsdiens moes bewerkstellig, uiteindelik die teenoorgestelde uitwerking gehad het.[173] Die afskaffing van dié omstrede wet in 1812 het nie die probleem opgelos nie, aangesien konsepwetgewing in 1817 en wetgewing in 1823 wat slawevryheid aan Christenskap gekoppel het, die eienaars se idee dat Christenskap van slawe tot hulle vryheid sou lei, versterk het.[174]

Die verspreiding van die Christelike geloof onder die stedelike slaaf het dus teen die einde van die agtiende eeu en die eerste helfte van die negentiende eeu 'n ernstige krisis beleef. Soos reeds vermeld, was die banke van die Christenslawe in die Groote Kerk in Kaapstad teen 1800 leeg.[175] In 1831 het William Wright die situasie van slawegodsdiens aan die Kaap raak opgesom:

---

168 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 358.

169 *Ibid.*, p. 359.

170 G. Forster, *A voyage round the world in His Brittanic Majesty's Sloop I*, p. 60.

171 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, p. 133.

172 *Ibid.*, p. 130.

173 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, p. 133; G.W. Eybers (red.), *Select constitutional documents, illustrating South African history 1795 - 1910*, p. 18; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 168.

174 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 359.

175 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 168; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 131.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> The natural consequence of this neglect is that vast numbers of the slaves profess no religion whatever: the vast majority of those who do are followers of the doctrine of Mohammed: few, very few make any profession of Christianity, or attend at any place of religious worship; still fewer have become catechumens; and the number of the baptised is extremely small.[176]

Hiervolgens het die meerderheid slawe tot die Islam behoort. Dit was inderdaad die geval. Die reeds vermelde wet van 1770 wat die verkoop van gedoopte Christenslawe verbied het, het ironies genoeg een van die belangrikse bewegingsmomente in die verspreiding van Islam tussen 1770 en 1842 aan die Kaap geword. Deur toewyding en identifisering met die slawe het die begeesterde imams 'n groot aantal godsdiensbehoeftige slawe, wat van die Christendom uitgesluit was, vir die Islam gewen.[177] Daarbenewens het hierdie tendens Christeneienaars gepas aangesien bekering tot die Islam, slawe van die Christendom (en gevolglike onbemarkbaarheid en moontlike vryheid) weggehou het.[178] Binne Islam het die eienaar-slaaf verhouding bly voortbestaan. Die eise van vryheid van bekeerde slawe is nie deur die Islam aan slawe-eienaars gestel nie. Die imams het slawe laat glo dat, alhoewel hulle fisies gebonde was, hulle siele nogtans vry was.[179] Al het hulle hulleself tot die Islam bekeer, het Moslemslawe dus bemarkbaar gebly,[180] wat nie die geval met bekeerde Christenslawe was nie. Daarbenewens was Moslemslawe sober en meer betroubaar in hulle eienaars se huise en op die wynproduserende plase, veral in die wynkelders en as drywers van die wynwaens.[181] Dit het die slawe-eienaars, veral tydens die oplewing in wynproduksie in die twintigerjare van die negentiende eeu, goed te pas gekom. Selfs vir Moslemeienaars was dit makliker en meer ekonomies om Moslemslawe aan te hou. Artikel 10 van die Statuut van 1770 het bepaal dat slawe wat aan heidende en "More" (Moslems) behoort het en tot die Christendom bekeer is, teen 'n "billike" prys aan Christene verkoop moes word.[182] Vir die Moslemeienaars wat nie sonder goedkeuring grond kon besit nie, was die besit van Moslemslawe hulle vernaamste rykdom en beslis 'n beter ekonomiese keuse.[183] Hulle het dus rede gehad om hulle slawe te oorreed om die Islam te aanvaar. Volgens die getuienis van die imam Muding voor die Colebrooke en Bigge Kommissie was geen Moslemeienaar in 1835 in besit van enige Christenslawe nie.[184]

---

176 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 4.

177 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 132.

178 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 362.

179 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXXV*, p. 369.

180 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 90; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 3.

181 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 361 - 362; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 35; J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, p. 82; T.E. Colebrooke, *Miscellaneous essays by H.T. Colebrooke, with life of the author 1818 - 1823, I*, p. 336.

182 K.A.B.: SO. 17/1, art. 11: Notes collected from the colonial placcaats etc. since 1652 upon the subject of slavery and Indian statutes 1652 - 1818, 1770.

183 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 91.

184 Government Publication, Colebrooke and Bigge Commission Report 1835, I, *Imperial Blue Book*, p. 208.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aangesien Islam 'n belangrike rol in die lewe van 'n groot aantal Kaapse slawe gespeel het, is 'n agtergrondskennis van die vestiging, verspreiding en konsolidasie van Islam aan die Kaap noodsaaklik. Volgens Achmat Davids, kenner van die godsdiens en kultuur van die Kaapse Moslems, het agt elemente 'n rol in dié verband gespeel, naamlik die koms van die Mardykers na die Kaap, hoogaangeskrewe politieke bannelinge uit die Ooste, invloedryke politieke gevangenes en vryswartes, die slawe, die traagheid van Christeneienaars om hulle slawe te kersten, godsdiensvryheid wat in 1804 toegestaan is, die rol van die Javaanse Artillerieë tydens die Slag van Bloubergstrand in 1806, sowel as die totstandkoming van die eerste moskee in Kaapstad.[185]

Wat die Mardykers betref, is Davids van mening dat hulle die eerste Moslems was wat in 1658 na die Kaap gekom het.[186] Hulle moes behulpsaam wees met die verdediging van die jong nedersetting en ook vry arbeid verrig. Die naam *mardyker* staan in verband met die woord *maredhika* [187] of *mêrdéka* [188] wat van die Sanskrit *Mahardhika* afgelei is en "vry" of "vryheid" beteken.[189] Die Mardykers was dus vry persone afkomstig van Amboina in die Suid-Molukke eilande wat as onderdane en arbeiders van die VOC nie in hulle geboorteland woonagtig was nie.[190] Alhoewel hulle nie slawe was nie, het hulle in sommige gevalle dwangarbeid vir die VOC verrig waarvoor hulle wel betaling ontvang het. Hierdie Mardykers was Moslems en weens die bedreiging wat die Islam vir die uitbreiding van die Nederlandse koloniale ryk in die Ooste ingehou het, is hulle godsdiens sterk deur die Bataafse owerhede aan bande gelê. In 1642 is 'n plakkaat deur goewerneur-generaal Anthonio van Diemen in Batavia uitgevaardig om die Mardykers se godsdiensaktiwiteite in Ceylon te beheer.[191] Net voor hulle koms na die Kaap is dieselfde plakkaat op 23 Augustus 1657 deur goewerneur Johan Maetsuycker (1606 - 1678) heruitgevaardig [192] en was as sulks ook op die Kaap van toepassing. Hiervolgens is hulle verbied om hulle godsdiens in die openbaar te beoefen of om dit onder Christene of heidene te bevorder. 'n Oortreding van hierdie bepaling was met die dood strafbaar. Hulle is wel toegelaat om die Christelike geloof aan te neem. Alhoewel die Mardykers nooit slawe was nie, is hulle in dieselfde asem as slawe genoem en is die term "vrije swarten" ook in die Ooste vir die Mardykers gebruik.[193]

Die tweede element in die vestiging en verspreiding van Islam aan die Kaap was die koms van hoogaangeskrewe welaf en invloedryke politieke bannelinge wat in die Ooste vurige voorvegters vir die Islam was. Die eerste drie politieke bannelinge het in 1667 aan boord van

---

185 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 35 - 92; A. Davids, *The early Muslims at the Cape 1652 - 1800*, pp. 3 - 14.

186 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 35; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, pp. 3 - 4.

187 E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, pp. 3 - 4.

188 W. Ph. Coolhaas (red.), Generale Missiven van Gouverneurs-Generaal en Raden aan Heeren XVII, I, *Rijks Geschiedkundige Publicatiën, Grote reeks serie* 104, p. 122.

189 R.J. Wilkinson, *A Malay - English dictionary*, p. 768.

190 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 35; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 4.

191 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 35.

192 E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 17.

193 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 77.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die *Polsbroek* vanaf Batavia in die Kaap gearriveer.[194] Die bekendste *orang cayen* of politieke bannelinge aan die Kaap was ongetwyfeld Sjech Yussuf of Sjeg Joesoef van Makassar. Sy oorspronklike naam was Abidin Tadia Tjoessoep wat in 1626 as die neef van Koning Bisei van Goa, in Makassar gebore is.[195] As leier van die Bantamese verset teen die Nederlanders [196] in Java is hy na oorgawe, op grond van 'n belofte van vryheid, in 1684 deur die Nederlanders gevange geneem en in die Kasteel te Batavia en later in die Kasteel te Colombo in Ceylon gevange gehou. Uit vrees vir ontsnapping en sy invloed op die Moslemgemeenskap in die Ooste is hy in 1694 na die Kaap verban. Met sy aankoms aan boord van die *Voetboeg* is hy deur goewerneur Simon van der Stel verwelkom.[197] Alhoewel hy as 'n edelman met respek behandel is, is hy en sy geselskap van 49 persone, in ooreenstemming met die owerhede se isolasiebeleid vir invloedryke politieke bannelinge, 25 kilometer vanaf Kaapstad, naby die mond van die Eersterivier aan die Valsbaaise kus op die plaas Zandvliet van dominee Peter Kalden, geïnterneer.[198] Hy en sy geselskap het hier in 'n paar kliphuise gewoon [199] en is deur die Kaapse owerhede onderhou. Alhoewel hy hier van die slawe in Kaapstad geïsoleer was, het Sjeg Joesoef se verblyfplek spoedig 'n hawe vir voortvlugtende slawe geword.[200] Die eerste Islamitiese gebedebyeenkomste is heelwaarskynlik te Zandvliet gehou.[201] Sjeg Joesoef is goed deur die Kaapse owerhede behandel,[202] terwyl hy en Simon sowel as Adriaan van der Stel goed bevriend geraak het.[203] Die leeftyd van hierdie geïsoleerde Moslemgemeenskappie was van korte duur, want na die dood van Sjeg Joesoef op 23 Mei 1699 het byna die hele gemeenskappie in 1703 aan boord van *De Liefde* en *De Spiegel* na Indonesië teruggekeer.[204] Slegs twee volgelinge (imams) en sy dogter het aan die Kaap agtergebly. Alhoewel Sjeg Joesoef weens sy isolasie van die Kaapstadse slawe nie 'n daadwerklike rol in die verspreiding van Islam aan die Kaap kon speel nie, het hy respek by volgeling, vriend en vyand afgedwing. Na sy dood in Mei 1699 het plaaslike amptenare opgemerk dat die toename in Kaapse Moslems verband gehou het met Sjeg Joesoef se teenwoordigheid aan die Kaap.[205] Alhoewel sommige outeurs na Sjeg Joesoef as die stigter van die Islam aan die Kaap verwys, blyk dit weens sy isolasie aan die Kaap nie die geval te wees nie.[206] In dié opsig het sy nadoodse

---

194 K.M. Jeffreys, The Malay tombs of the Holy Circle 3. The tombs of Constantia, *The Cape Naturalist* 1 (3), 1936, p. 89.

195 *Ibid.*, p. 37; I.D. du Plessis. *The Cape Malays*, p. 3; E.M. Mahida, *History of Muslims in South Africa; a chronology*, p. 3.

196 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 132.

197 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 38.

198 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 4.

199 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 55.

200 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 39.

201 *Loc. cit.*; A. Davids, The history of the Karamats, Number 4, *Newsletter Boorhaanol Recreational Movement*, 23(4), Oktober 1989, p. 7.


202 E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 11.

203 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 4.

204 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 39.

205 R.C.-H. Shell, *The establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of Company rule to 1838*, B.A. Honneurs-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1974, p. 20.

206 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 55; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p 11; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 39.



**Figuur 32:** Die graf van Sjeg Joesoef te Zandvliet, Faure. As 'n belangrike simbool van Islam aan die Kaap, het sy graf die Mekka van die Suide geword wat jaarliks deur duisende Moslempelgrims besoek word. Die kramat is in 1927 deur Hadji Sulaiman Shah Mohammed opgerig.

Uit: A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap* (Athlone, 1980), p. 39.

Insetsel: N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city* (Claremont, 1998), p. 77.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

invloed in 'n groter mate, as sy persoonlike leierskap, 'n belangrike simboliese rol in Islam aan die Kaap gespeel.[207]

Nog 'n *orang cayen* wat 'n belangrike rol gespeel het, was die Rajah van Tambora wat in 1697, weens sy opstand teen die VOC en die moord op die koningin van Dombo, na die Kaap verban is.[208] Hy is aanvanklik in die Kasteel se stalle gehuisves, [209] maar is later – danksy die bemiddeling van Sjeg Joesoef – te Vergelegen gehuisves, waar hy as *gafis* die eerste Koran aan die Kaap uit sy kop geskryf en as geskenk aan goewerneur W.A. van der Stel oorhandig het. Na alle waarskynlikheid het hierdie Koran Vergelegen nooit verlaat nie.[210] Sy vrou Sitina was voorts belas met toesig oor die Van der Stel-huishouding. In sy reisbeskrywing het dominee Francois Valentyn tot sy verwondering opgemerk dat hy die Raja van Tambora by Vergelegen aangetref het.[211] Al was die Rajah van Tambora 'n vroom man, was sy invloed op die vestiging en verspreiding van die Islam aan die Kaap beperk weens die uiters geslaagde isolasiebeleid van die owerhede. Die kinders uit sy huwelik met Sjeg Joesoef se dogter, Sitina Sara Marouff, het almal Christene geword.[212] Na die vertrek van Van der Stel, is die Raja in die Kompanjiestuin Rustenburg of in die stalle vir bannelinge van Makassar gehuisves. Hy is in 1719 oorlede. Die beleid om invloedryke politieke bannelinge as veiligheidsmaatreël te isoleer, het hulle verhinder om 'n deurslaggewende rol in die verspreiding van Islam aan die Kaap te speel. Hulle bly egter belangrike inspirerende en simboliese figure in die Kaapse Moslem-gemeenskap. Die graf van Sjeg Joesoef **(Fig. 32)** het die Mekka van die Suide geword wat jaarliks deur duisende pelgrims besoek word.[213]

'n Derde belangrike element in die vestiging en verspreiding van Islam aan die Kaap was die prisoniers of gevangenes wat tot goedkoop dwangarbeid aan die Kaap gevonnis is. Na die verstryking van hulle vonnisse het die meerderheid in die Kaap aangebly en so die kern van die vryswart gemeenskap gevorm wat 'n belangrike rol in die konsolidasie van Islam aan die Kaap gespeel het.[214] Die mees prominente figure wat die tydperk van die konsolidasie van Islam aan die Kaap ingelei het, was Said Aloewie van Mocca of beter bekend as Tuan Sa'id en die reeds vermelde imam Abdullah Kadi Abdus Salaam wat in die volksmond as Tuan Guru (Meneer Leraar) bekend is.[215] Tuan Sa'id het in Januarie 1744 as veroordeelde

---

207 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 118.

208 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 39 - 40; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters received, 1695 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 131.

209 J. Hoge, The family of the Rajah of Tambora at the Cape, *Africana Notes and News* 9, 1951, p. 27.

210 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 40.

211 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I,* pp. 150 - 152.

212 J. Hoge, The family of the Rajah of Tambora at the Cape, *Africana Notes and News* 9, 1951, pp. 28 - 29.


213 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 5; S.A. Rochlin, The first mosque at the Cape, *South African Journal of Science* 33, 1937, p. 1100.

214 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 42.

215 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 134; R.C.-H. Shell, *The establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of Company rule to 1838,* B.A. Honneurs-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1974, p. 20; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 43.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 33:** *M'arifatul Islámi wal Imái* (Manifestasies van Islam en geloof), die handgeskrewe manuskrip oor Islamitiese wette wat Tuan Guru of imam Abdullah Kadi Abdus Salaam tydens sy gevangenskap op Robbeneiland in 1781 voltooi het. Hierdie geskrif het die belangrikste verwysingsbron vir die Kaapse Moslems gedurende die negentiende eeu geword.

Uit: A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap* (Athlone, 1980), p. 99.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Mohamedaanse Priester" by die Kaap voet aan wal gesit.[216] Alhoewel hy tot lewenslange gevangenisstraf in kettings gevonnis is, het hy slegs elf jaar van sy vonnis op Robbeneiland uitgedien, waarna hy 'n polisieman in Kaapstad geword het. Dié werk het hom in staat gestel om saans die toegesluite en bewaakte slawekwartiere met die Koran onder sy arm binne te gaan en die leer van Islam aan die losieslawe te verkondig.[217] Na alle waarskynlikheid was Tuan Sa'id die eerste imam aan die Kaap.[218]

Die reeds vermelde Tuan Guru was onteenseglik een van die belangrikste rolspelers in die konsolidasie van Islam aan die Kaap. Hy was 'n prins van Tidore in die Ternate eilande en is in 1780 as staatsgevangene na die Kaap gebring. Hy is op Robbeneiland gevange gehou tot hy in 1793 vrygelaat is.[219] Tydens sy gevangenskap het hy in 1781 sy handgeskrewe werk *M'arifatul Isámi wal Imái* (Manifestasies van Islam en geloof) **(Fig. 33)** voltooi. Dit was 'n manuskrip oor Islamitiese wette, gebruike en mistieke ritueel. Sy teologiese fisosofie was die raamwerk waarbinne slawe en vryswartes as 'n kultureel-religieuse eenheid kon funksioneer. Dit het ook aan slawe 'n mate van sosiale beweeglikheid en beskerming van ongenaakbare vryswart eienaars verleen.[220] Die noodsaaklike eerste Korans is self deur Tuan Guru uit die hoof neergeskryf [221] en onder die Kaapse Moslems gesirkuleer. Sy manuskrip het die belangrikste verwysingsbron vir Kaapse Moslems gedurende die negentiende eeu geword, terwyl Tuan Guru as Kadi (*qadi*) of hoofimam onteensetglik die belangrikste verkondiger en rigtinggewer van Islam aan die Kaap in die laat-agtiende eeu was.[222] Hy was ook die stigter van die eerste Moslemskool *(madrasah)* in 1793 in Dorpstraat.[223] Voorts is hy bekend vir sy beywering om 'n perseel vir die bou van 'n moskee te bekom. Volgens Abdulbarik [*sic*] het Tuan Guru die huis van Achmat van Bengale as eerste Moslemaanbiddingsplek ingerig.[224] Daarbenewens het hy gepoog om 'n verslapping in die ongenaakbare houding van die Kaapse owerhede jeens Islam te bewerkstelling.[225] Nadat sy versoek vir 'n moskee in 1790 deur die owerhede geweier is, het hy onwrikbare leierskap aan die dag gelê deur openbare godsdiensbyeenkomste vir die Kaapse Moslemgemeenskap in die ou steengroef in Chiappinistraat te lei.[226] Met sy dood in 1807 op 95 jarige leeftyd was hy die *kadi/ "keijda"/ qadi* of hoofimam van die Kaapse Moslemgemeenskap [227] en het hy reeds 'n groot en

---

216 A. Davids, *The mosques of the Bo-Kaap*, p. 44.

217 I.D. du Plessis en C.A. Lückhoff, *The Malay quarter and its people*, p. 34; R.C.-H. Shell, *The establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of Company rule to 1838*, B.A. Honneurs-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1974, p. 20.

218 A. Davids, The history of the Karamats, Number 4, *Newsletter Boorhaanol Recreational Movement,* 24 (3), Oktober 1989, pp. 10 - 11.

219 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 44.

220 A. Davids, Muslim-Christian relations in the nineteenth century Cape Town, *Kronos* 9, 1992, pp. 87 - 88.

221 S.M. Zwemer, Islam at the Cape, *The Muslim World* 15(4), 1925, p. 328.

222 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45.

223 *Loc. cit.*; A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town, *Kronos* 19, 1992, p. 87.

224 *South African Commercial Advertiser*, 1836-02-27, p. 3.

225 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45.

226 *Ibid.*, p. 45; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 146.

227 K.A.B.: MOOC. 7/1/15, nr. 66, p. 1: Testament van Imam Abdullah, 1807-05-02.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



blywende invloed op die Kaapse Moslems uitgeoefen.[228] As Shafee Moslem het sy plaaslik geskrewe werke die teoretiese basis van die geloof van die meerderheid Kaapse Moslems geword.[229]

Wat die slawe se bydrae tot die vestiging van Islam aan die Kaap betref, is Davids van mening dat húlle veral krediet daarvoor moet kry.[230] In dié opsig het hoofsaaklik die Indiese slawe afkomstig van Bengale, die Malabarkus en die Indiese vasteland, waar Islam sedert die dertiende eeu 'n lang en gevestigde tradisie gehad het, die belangrikste rol gespeel. In die sewentiende eeu het die 657 slawe van Indiese afkoms 50% van die totale Kaapse slawebevolking uitgemaak.[231] Die Indonesiese slawe het nie die lang tradisie van Islam gehad nie. Islam het eers sedert die sestiende eeu in Indonesië posgevat en was dus met die koms van die Nederlanders 'n relatief jong geloof aldaar. In die agtiende eeu het die Indonesiese slawe afkomstig van Celebes, veral die Boeginese, ook 'n belangrike rol in die vestiging van Islam aan die Kaap gespeel. In die opsig het die slawe-imam Jan van Boegies, wat gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu na die Kaap gekom het, 'n prominente plek ingeneem. Tydens die eerste helfte van die negentiende eeu het hy 'n belangrike rol as imam van die Palmboom-moskee in Langstraat gespeel. Frans van Bengalen was saam met Jan van Boegies betrokke by die vestiging van hierdie Moslemaanbiddingsplek.[232]

Achmat van Bengalen was een van die mees invloedryke rolspelers in die konsolidasie van Islam aan die Kaap gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu. Hy is in Chinsura in Bengale gebore en het in 1783 na die Kaap gekom.[233] As kadi *(qadi)* of hoofimam van die plaaslike Moslemgemeenskap, sowel as imam van die Auwal-moskee sedert 1822 was hy een van die mees charismatiese Kaapse Moslemleiers wat hom dit veral ten doel gestel het om die plaaslike Moslems te onderrig. Tydens die tydperk van die konsolidasie van Islam aan die Kaap het hy 'n reuse bydrae tot die ontwikkeling van die eiesoortige kultuur van die Kaapse Moslemgemeenskap gelewer. Hy het ook een van sy twee eiendomme te Dorpstraat vir die inrigting van die eerste moskee in Kaapstad, naamlik die Auwal-moskee, beskikbaar gestel. As opvolger van Tuan Guru en imam van die Auwal-moskee, het Achmat van Bengalen streng reëls vir die slawebesittende vryswart Moslems neergelê ingevolge waarvan geen Moslemslaaf deur sy Moslemeienaar verkoop mag word nie, soos die eienaar se familie behandel moes word en toegelaat moes word om 'n inkomste te verdien sodat hy sy vryheid kon koop. Hy het ook 'n onmiskenbare invloed op die ontwikkeling van Arabies-Afrikaans uitgeoefen.[234]

Soos reeds vermeld, het die wet van 10 April 1770 wat die verkoop van gedoopte Christenslawe pertinent verbied het, daartoe gelei dat eienaars onwillig was om hulle slawe tot die Christendom te kersten en het so direk in die hande van Islam gespeel. As sulks was dit een van die belangrikste bewegingsmomente in die snelle verspreiding van Islam aan die Kaap

---

228 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45.

229 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town, *Kronos* 19, 1992, p. 88.

230 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 40.

231 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 75.


232 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 40 - 41 en 116.

233 *Ibid.*, p. 105.

234 *Ibid.*, pp. 95 - 96, 100, 105 - 106.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 34:** Die Auwal-moskee in Dorpstraat – die eerste ingerigte aanbiddingsplek van die Kaapse Moslems.

Uit: F. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims* (Kaapstad, 1978), frontespies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sedert 1770.[235] Die vrees dat hulle hulle slawe sou verloor indien dié Christene word, die moeilike bemarkbaarheid van Christenslawe, sowel as die soberheid van die Moslemslawe [236] het tot gevolg gehad dat eienaars die verspreiding van die Christendom onder die slawe ondermyn het en nie 'n oog geknip het indien hulle slawe hulle tot die Islam bekeer het nie. Teen 1800 was die banke in die Groote Kerk in Adderleystraat wat vir slawe gereserveer is, leeg.[237]

Die verkryging van geloofsvryheid in 25 Julie 1804 was 'n verdere stap in die konsolidasie van Islam aan die Kaap.[238] Bevry van die uiters beperkende Statute van Indië wat hulle godsdiensbeoefening streng aan bande gelê het, kon die Kaapse Moslems nou, sonder om die wet te oortree, hulle godsdiens op 'n vryer wyse beoefen. Hulle moes egter nog steeds toestemming van die owerhede verkry vir die oprigting van aanbiddingsplekke en die hou van openbare byeenkomste.[239]

In 1804 het generaal J.W. Janssens die "vry Maleiers" as soldate in die twee "Javaansche Artilleries," onder leiding van onderskeidelik Frans van Bengalen en die Fransman J. Madlener, opgeneem. Hiermee het Janssens die toestemming vir 'n moskee, wat reeds in 1797 deur Craig aan die Kaapse Moslems toegestaan is, bevestig.[240] Beïndruk deur die besondere dapperheid en oorlogsvoering van die twee "Javaansche Artilleries" aan die kant van die Nederlanders tydens die Slag van Bloubergstrand in 1806, het die Britse bevelvoerder generaal Baird, as 'n waarderende gebaar teenoor die Moslems, Janssens se belofte van 'n perseel vir die bou van 'n moskee bevestig.[241] Die finale stap in die konsolidasie van Islam aan die Kaap was die oprigting van die eerste volwaardige moskee in Kaapstad in 1807.[242] Soos reeds vermeld, is die huis van Achmat van Bengalen sedert 1798 as moskee ingerig.[243] Hiervolgens is die Auwal-moskee in Dorpstraat **(Fig. 34)** die oudste bestaande moskee en ingerigte plek van Moslemaanbidding in Suid-Afrika,[244] danksy die deursettingsvermoë en toewyding van Tuan Guru. Gedurende die tydperk van 1804 tot 1850 het die Auwal-moskee die belangrikste religieuse instelling en anker van die Kaapse Moslemgemeenskap geword. Dit was die sentrum van gemeenskapsaktiwiteite wat die sosiale en godsdienstige lewe van die vroeë Kaapse Moslems gereguleer en gestabiliseer het. Reeds vanaf sy ontstaan was die Auwal-moskee 'n Shafee-moskee waar die Shafee-lerings, wat in lyn met die doktrine van die Moslems van Indonesiese oorsprong was, by die plaaslike Moslemgemeenskap ingeskerp is. Negentig

---

235 R.C.-H. Shell, *The establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of Company rule to 1838,* B.A. Honneurs-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1974, p. 43.

236 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 361 - 362; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 4.

237 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 168.

238 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 59.

239 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 11.

240 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 47.

241 G.M. Theal, *History of South Africa since 1795, I*, p. 410.

242 A. Davids, *The early Muslims at the Cape 1652 - 1800,* p. 14.

243 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 93; *South African Commercial Advertiser,* 1836-02-27, p. 3.

244 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 190; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap.* p. 93; F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 38.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 35:** Die Palmboom- of Dadelboom-moskee in Langstraat, ook bekend as die Jan van Boegies-moskee wat die tweede oudste Moslemaanbiddingsplek in Kaapstad is. In wese is dit 'n huis waarvan die boonste verdieping as gebederuimte of *Langar* ingerig is, terwyl die onderste gedeelte as woning van die imam gedien het.

Uit: F. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims* (Kaapstad, 1978), p. 53.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

persent van hedendaagse Kaapse Moslems behoort tot die Shafee-groepering.[245] Aangesien die oorspronklike eienaar van die grond waarop die Auwal-moskee staan self 'n vrygestelde slavin was, kon die Moslemslawe meer geredelik met dié moskee identifiseer. Sy was Saartjie van die Kaap wat met Achmat van Bengale getroud was.[246] Vanuit die Auwal-moskee, sowel as die Moslemskool op dieselfde perseel, is die Islam deur toegewyde en aktiewe imams versprei.[247]

Die tweede moskee in Kaapstad was die reeds vermelde Palmboom- of Dadelboom-moskee in Langstraat **(Fig. 35)** wat ook as die Jan van Boegies-moskee bekend is.[248] Na 'n dispuut oor imamskap wat na die dood van Tuan Guru in 1807 onstaan het, het Frans van Bengale en Jan van Boegies van die Auwal-moskee weggebreek en die eiendom uit die boedel van J.P. Roux bekom.[249] Hierop het hulle die Palmboom- of Dadelboom-moskee ingerig. Abdolgamiet was hier die eerste imam met Jan van Boegies as sy assistent.[250] Alhoewel Frans van Bengale en Jan van Boegies aanvanklik gelyke aandele in die eiendom gehad het, het Jan in 1811 die alleeneienaar van die eiendom geword.[251]

Die eerste aangetekende Moslemgodsdiensbyeenkoms is in ongeveer 1770 deur George Forster beskryf,[252] terwyl John Campbell op 11 Februarie 1814 'n redelik volledige beskrywing van 'n Islamitiese godsdiensbyeenkoms in die Auwal-moskee gegee het.[253] Volgens die getuienis van imam Muding voor die Colebrooke en Bigge Kommissie in 1835 is Islamitiese godsdiensbyeenkomste op Vrydae vanaf 11 tot 2 uur in die moskees gehou.[254] Dit het hoofsaaklik die lees van die Koran en die opsê van gebede behels. Alle Moslemslawe wat toestemming van hulle eienaars kon kry, het dié byeenkomste bygewoon. Die slawe wat op 'n semi-onafhanklike basis hulle eie inkomste verdien het ("koeliegeldsoekers"), het groter vryheid gehad om dié byeenkomste by te woon.[255] Soos die geval vandag nog is, is geen skoene binne die moskee gedra nie. Tydens die vas van Ramadan het vroue op 'n spesiale plek in die galery van die moskee gesit, terwyl hulle tydens die viering van die profeet Mohammed se verjaarsdag met die *rampie-sny* seremonie die bederuimte van die moskee kon betree.[256]

---

245 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* pp. 94 en 96.

246 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* pp. 5, 62 en 63.

247 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 59.

248 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 195; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 114.

249 *Ibid.*, p. 195.

250 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 116.

251 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 195.

252 G. Forster, *A voyage around the world in His Brittanic Majesty's Sloop I,* p. 10.

253 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* pp. 327 - 328.

254 Government Publication, Colebrooke and Bigge Commission Report 1835, I, *Imperial Blue Book*, p. 207.

255 *Ibid.*, p. 210.

256 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 7.